
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

DIT IS GESKRYF

Spreuke 4:20 tot 22: "My seun, luister na wat ek sê, neig jou oor tot my woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart. Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele liggaam.

In 1 Petrus 4:11 is daar vir my 'n baie aangrypende teks wat handel oor die woorde van die Here. "Toe het ek myself afgevra hoe ons as mense dan woorde soos die Here kan spreek en Hy het my verstand verlig: die bybel is die woord van God – ons moet die bybel " praat". Laat ons vir 'n paar oomblikke nadink oor hoe ons gekondisioneer is om te praat deur Satan en die wêreld: en so praat ons gedurig. "Ek is elke dag siek. God weerhou iets van my. Ek is vervul met vrees en angs en kan net nie uit al my benoudhede kom nie. Al bid ek ook, dit help nie, want die Here luister nooit na my nie. Hy ignoreer my. Die Here voel so vêr van my af. Ek bid vir my familie om gered te word, maar dit skyn asof dit geen effek het nie".

Maar as ons woorde van die Here sou spreek, oor ons omstandighede hoor net hoe dit sou klink:

Die Bybel sê: ("DIT IS GESKRYF")

En geen inwoner sal sê: Ek is siek nie (Jes. 33:24) en deur Jesus se wonde het daar vir ons genesing gekom (Jes. 53:5), ek het die Here, volgens Sy wil gevra om my te genees daarom weet ek dat my genesing oppad is. **God sal die goeie nie onthou aan dié wat in opregtheid wandel nie (Psalm 84:12) en Hy het my uit al die vrees gered (Psalm 34:5). Ek het geroep en die Here het gehoor en my uit al my benoudheid verlos (Psalm 34:7). Die oë van die Here is op die regverdiger en sy ore tot hulle hulp roep (Psalm 34:16). Die Here hoor en Hy red hulle uit hulle benoudhede (Psalm 34:18). En Hy doen dit ook vir my. Ek glo in die Here Jesus en daarom is ek gered, ek en my hele huisgesin (Hand. 16:31)".**

En vriende, dis seker een van die gedugste strikke wat Satan uitgedink het toe hy vir ons sy taal mislukking leer praat het want daaruit het voortgespruit dat gelowiges in Jesus, rondloop met 'n negatiewe, verslae, onseker houding wat steeds gestimuleer word deur die woorde van hulle mond, hulle belydenis. (Mark. 11:23: "Jy sal verkry net wat jy sê, as jy dit met jou hart glo) Die engelse uitdrukking lui: "Talk is cheap" maar dis 'n reuse mistasting: woorde kos ons baie duur en is uiters belangrik. Jou woorde as 'n kind van die Here behoort met sout besprinkel te wees (Kol. 4:6) Met ander woorde, dit moet opbouende, deurslaggewende woorde wees want niks is met God onmoontlik nie!

Jy bepaal self wat God vir jou sal doen. Selfs wanneer dit kom by die redding van jou siel moet jou woorde die knoop deur haak. Lees maar Rom. 10:10: "Met die mond bely ons to redding." (1979 Afr. Vertaling: Met die mond bely ons, en ons word gered.") Dat Jesus Christus die Seun van God is en dat Hy uit die dode opgewek is, is wat jy moet glo , maar jou mond moet sê (bely) dat Jesus Here is om hierdie transaksie te voltooi. Net so met die huwelik. **Act 2:12: En hulle was almal verbaas en radeloos en sê die een vir die ander: Wat kan dit tog wees?**

Wat dink die Here van ons belydenis woorde wat presies die teenoorgestelde is van Sy Woorde? "Ek het vir My kinders gesê dat hulle kan verkry wat hulle sê, maar hulle sê wat hulle verkry." Dit klink miskien na 'n verregaande stelling om te maak, maar dis inderwaarheid sò dat ons woorde stryd voer teen God se woord, ons woorde stry teen die wonderlike beloftes van die bybel. Salomo het gesê: **"Jy is in 'n strik gevang deur jou woorde."** Jesus het gesê: **Jy is geregverdig of veroordeel deur die woorde van jou mond." (Matt. 12:37).**

God se Woord is vol van die wonderlike erfenis vir Sy kinders, en besef jy dat as jy dan die teenoorgestelde van hierdie beloftes bely deur pessimistiese, negatiewe woorde van swakheid en mislukking, jy, heel waarskynlik onbewustelik sondig, want dit is eintlik ongeloof in Sy vermoë! En boonop verheerlik jy die duiwel want jy bely met jou mond dat die duiwel se kragte groter is as God se krag. Sien jy hoe uiters "gevaarlik" woorde is wat uitstroom oor ongedissiplineerde lippe. Daar is lewe en dood in die tong (woorde). Vorm regte spraakgewoontes en glo die woord van die Here en jy is op die oorwinnings pad!

Ons hoor altyd dat gewoontes ons lewens reël, maar dis beslis ook waar dat woorde ons gewoonte reël. Woorde kan bepaal of jy op die pad van neerlaag of op die pad van

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Dit is geskryf ….)
oorwinning gaan wees. As jy kan aanleer om God se woorde, die taal van die bybel te spreek, kan jy vry kom van enige gebondheid wat jou tot dusver ontneem het van God se seëninge. En hierdie seëninge wat bestaan uit vreugde, gesondheid, vryheid, krag en oorwinning is afhangende daarvan of jou geloof in die Here en of jou woorde ooreenstem met Sy woord.

As jy lees in Markus 11:23 sal jy sien dat Jesus self sê: **"Hy sal verkry net wat hy sê."** Met ander woorde jy sal hê wat jy sê. (Let wel: grammaties is **sê,** 'n onvoltooide werkwoord – die aksie duur voort). Solank jy dus glo en **sê,** sal jy **hê**, wat jy ookal **glo en sê.**

Probeer om 'n paar van God se mees bekende beloftes in die bybel te leer, glo en spreek hulle en sien wat gebeur in jou lewe. As jy siek is sê: **Deur Sy wonde het daar vir my genesing gekom". (1 Pet 2:24) – en glo dit!.** As daar onsekerheid of verwarring is, sê, **"Die Here is die toevlug van my lewe. (Psalm 27:1) – en glo dit!** Is jy bevrees of blootgestel aan versoeking, sê: **Hy wat in my is, is groter as hy wat in die wêreld is." En glo dit!** Het jy behoeftes, sê: "**My God sal elke behoefte van my vervul" (Phil. 4:19) – en glo dit!**

Jou siekte sal verander in gesondheid, jou onsekerheid sal verander in kalmte en vastigheid, jou vrees sal verander in vertroue en jou materiële tekort in meer as genoeg. Die Here is wakker oor Sy woord om dit te volbring!

En dit alles omdat jy God se woord aan Sy regmatige doel laat beantwoord nl. Om van jouself te sê wat jy in Christus Jesus is en nie wat die duiwel of die wêreld van jou situasie sê nie. Ef. 4:27 is 'n bevel van God, nl. **"Gee aan die duiwel geen plek nie."** As ons hieroor gaan besin dan besef ons dat deur ons dade en gesindhede ons soms vir Satan 'n opening gee deur dinge te doen wat verkeerd, en oneerlik is. Maar die grootste wyse waarop Christene plek gee aan die duiwel is deur hulle onbedagsame woorde. Woorde van foutvind, kritiek, skinder en leuens is aftakelend vir ons geestelike lewens en besoedel ons, maar woorde wat in disharmonie met die bybel is, is duiwelstaal en rig net skade aan. Ek wil dit by jou inskerp hoe belangrik dit is dat jy op jou woorde sal let, sodat jy nie dalk daardeur plek vir die duiwel gee deur ongeloof nie. Kry ons boek Oorwinnaarstaal, en Die krag van vergifnis.

God gee aan ons oorwinning en nie neerlaag nie. Lees en herlees 2 Kor. 2:14 totdat jou denke deurweek is daarvan en dit deurvloei in jou woorde en optrede. Daar staan**, "Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus".** Miskien lyk jou uiterlike omstandighede baie vêr van triomf af en ervaar jy net neerlaag, maar geliefde, dis net hier waar jy 'n keuse moet maak: gaan jy jou lewe ooreenkomstig die woord van God inrig, met ander woorde, in lyn bring met die woord van God, of gaan jy dit inrig ooreenkomstig jou gevoelens of hoe omstandighede vir jou lyk.

Soms wonder ons wat Jesus eintlik bedoel het toe Hy in Matt. 4:4 gesê het. **"Die mense sal nie alleen van brood lewe nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom."(**1979 Afr. Vertaling), maar in Sy lig sien ons dat ons letterlik van God se woord, die bybel moet lewe om oorwinnend te wees afgesien van uiterlike omstandighede. God sê ook in Heb. 10:23: **"Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou."** Wanneer skynbare moeilike omstandighede en beproewinge oor ons lewenspad kom, laat ons steeds, sonder om te wandel of te twyfel, die belydenis van die hoop bely (spreek), want hierin lê ons oorwinning. Die duiwel bring wanhoop en twyfel in ons harte tot die mate dat ons God se beloftes bevraagteken. Satan kan nie ons gedagtes lees nie, maar kan ons woorde hoor, en weet wat in ons gedagtes is.

Moenie vir Satan onderskat nie, hoor! Hy is 'n slim, uitgeslape teenstander en sy briljante taktiek is om ons oë en aandag op ons probleme te vestig eerder as op die woord van God, en dan sê ons mond alles wat ons sien, in plaas van wat God se woord sê. Hou egter in gedagte dat die duiwel 'n leuenaar is wat rondgaan om te steel en te verwoes (Joh. 10:10) en as jy jou woorde hiervolgens kan programmeer, is jy al halfpad verwoes. En dit is sy grootste strewe om jou heeltemal te vernietig. Maar moenie vrees nie want Kol:2:14-15 verseker ons dat: **en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael, nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.**

Dink 'n bietjie na oor "getuenis-tyd" in julle kerk of biduur. (Hierdie is tog so 'n lieflike geleentheid vir Christene om die Here te prys en mekaar aan te moedig in die geloofswandel, maar dis 'n gebruik wat ons gevestigde kerke dikwels nie beoefen nie en hulle ontneem hulle lidmate van onderlinge opbouing en geseënde gemeenskap in Jesus se liefde). Hoe dikwels staan 'n broer nie op en vertel van hoe die duiwel hom die afgelope week gery het maar dat hy moedig volhard het en sy medegelowiges tog moet intree vir hom dat die Here hom staande moet hou, en moedig maak.

Of 'n liewe suster vertel hoe moeilik haar lewe gemaak word deur ongeredder kinders. Hoe teleurgestel hulle is in "godsdiens" en dat hulle so vol haat is. Maar die suster wil graag vir die Here leef en getrou wees en sy vra voorbidding.

In die eerste plek is sò 'n getuienis net tot die oneer van God want hier is geen teken van die beeld van die liefdevolle Here wat vir sy kinders net die beste gee nie en die ongeredder stel glad nie belang om aan sò 'n Here te behoort nie. Kan ons hulle kwalik neem? In die tweede plek is sò 'n getuienis beslis, met alle respek gesê, vir die Here 'n rede tot toornigheid oor ons, sy kinders. Laat ons na die volgende beeld kyk: sê nou maar jy en jou gesin woon drie kilometers van die skool af. Om die heen en weer vervoer van jou seun vir hom nou baie gerieflik te maak, koop jy vir hom 'n sterk, vinnige fiets en jy verwag nou geen verdere probleme in hierdie verband nie.

Maar elke dag kom jou seun nog na jou met die volgende woorde: "Vader, hoe kom ek nou vandag by die skool – dis vir my sò 'n gesukkel en ek voel so terneergedruk daaroor en bekommer my gedurig daaroor." Jy sal darem regtig nou baie geïrriteer raak met jou kind, want jy het tog sy beskikking gestel, daardie kragtige, gerieflike fiets wat vir hom in 'n japtrap sal vervoer. HY MOET DIT NET NEEM EN GEBRUIK.

En vriende, dis presies die situasie met ons en God se woord. Dit sal vir ons niks baat om heeldag te kla oor ons moeilike omstandighede nie en gedurig daaroor te bekommer nie. DIE HERE HET ONS SY WOORD GEGEE om te gebruik om al ons terugslae en ongeluk te oorkom en in gesondheid en welvarendheid te lewe, maar ONS IGNOREER SY PERFEKTE INSTRUMENT en gaan voort met ons gesukkel. Dis mos darem 'n baie dwaas houding om in te neem, stem jy nie saam nie? En hierdie PERFEKTE INSTRUMENT IS DIE WOORD VAN GOD!

Wanneer jy oor jou probleem praat, is jy besig om die duiwel te verheerlik en nie vir Jesus nie. Satan

(Vervolg op Bl. 6)

JESUS - The Healer

In Matt. 15 21-28 we read the account of a Gentile woman who came to Jesus for healing for her daughter. Jesus told her that healing was the Children's bread (for the House of Israel only), and yet He healed her daughter because of the mother's great faith. We see here that healing is for the children of the Lord and yet in His great mercy He heals those who come to Him in faith. I have on occasion prayed for unbelievers, some of them have been Moslems, and before I pray for them, I have the opportunity of telling them that Jesus Christ is the Healer, and I pray only in His Name. The Lord in His mercy touches them and displays His healing power with the intent of drawing this unbeliever unto Him. They have the choice to follow the One who has just touched their body, or to reject Him as Lord. It is unfortunate that many who have been healed do not keep their healing because they do not serve the Healer. It is therefore most important that we take the important step of receiving the Healer – Jesus Christ, as our Personal Saviour as well as our Healer and give testimony of what He has done.

Some people are not healed because they do not take the time to mediate upon the Word of the Lord, to take it into their hearts and allow it to grow and mature. We read in Mark 6:5 that in His hometown of Nazareth, Jesus COULD DO NO MIGHTY WORK because the people were SCEPTICAL AND FULL OF UNBELIEF. Take time, therefore, and read and listen to the Word of the Lord so that you understand the conditions of the promises for the healing of your body. Make sure too that YOU BELIEVE that it is the Lord's Will to heal you and that He has made provision for your healing in His word. I, personally am fully assured that the Lord desires to heal , and God explains it so clearly in the Bible, but do YOU believe it, or is your cry: "Lord, I am not sure yet whether you really mean what you promised the whosoever will in Your word?" You have to be absolutely sure within yourself before praying for healing or being prayed for, and this faith does not develop over night, but grows as you learn to trust Him ad His word. Do not be double minded, because the Bible tells us in James 1:6-8: **But let him ask in faith, with no doubting, for he who doubts is like a wave of the sea driven and tossed by the wind. For let not that man suppose that he will receive anything from the Lord; he is a double-minded man, unstable in all his ways.** If you say that you do not have the faith, you are in fact saying my God is unable.

While I was still a practising medical doctor, and in my infancy regarding my walk with the Lord, an old Zulu man holding a white stick, walked into my surgery one day, led by the hand of his grandson. He asked me if there was anything I could do for him, as he had severe cataracts on both eyes and was blind. I told him that surgery was possible, and that I could send him to King Edward Hospital in Durban, where they would remove the cataracts. At that point the voice of the Lord spoke to me, saying that I should pray for him to receive his sight. I asked him if he believed that if I prayed for him, Jesus would heal him and give him his sight. Without hesitation he replied emphatically that he believed without reservation that Jesus would heal him! I proceeded to pray for him and cast out the devil of blindness and laid hands on his eyes, commanding them to see in the name of Jesus. When I took my hand from his eyes, I lifted up four fingers and asked him how many fingers he could see. He said "four"! Then I lifted up two fingers, and asked him the same question, he said, "two". I think I was more surprised when his sight was restored, than he was, as this was one of the first miracles I had seen taking place in my surgery! He had just simply believed, and the Lord honoured his faith. I then examined his eyes under a light and saw the cataracts still there, and yet he could see through those cataracts. He put his white stick under his arm, and he and his grandson set off down the passage, rejoicing!

A few months later the same man returned and I was able to examine his eyes once again. This time the pupils of his eyes were perfectly clear, and all **signs** of the cataracts had disappeared. The healing that the Lord had started when this old man first visited me at the surgery, was complete! What a wonderful Jesus we serve. Of course my own faith just escalated!

Sometimes there is sin in our lives which separates us from the Lord. It may be a "big" sin, but "little foxes", as Solomon rightly calls our unclean little habits, are just as deadly. All sin is sin in God's eyes, there are no small ones or big ones. Let us therefore humble ourselves before the Lord and ask Him to open our spiritual eyes so that we can know and deal with the wrong in our lives, only then can we turn from it and ask Him for forgiveness. He will remove our transgressions as far as the East is from the West, according to His promise in Psalm 103:12.

He also assures us in 1John 1:9 : If we confess our sins, He is faithful and just to forgive us *our* sins, and to cleanse us from all unrighteousness.

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Jesus—The Healer...)

I would also like to mention at this point, the sin of unforgiveness towards our fellow man. Unforgiveness, if not dealt with, breeds bitterness and hatred, and on many occasions, thoughts of vengeance or revenge. The Bible refers to the need for us to forgive anyone who has wronged us so that our Heavenly Father can forgive us and answer our prayers. Unforgiveness is perhaps the most common sin standing between us and the manifestation of our healing. Then there are the lusts of the flesh which we need to resist. It is important to deal with all that will corrupt and destroy the body, which is the temple of the Lord. We read in 1 Cor. 3:16-17: **Do you not know that you are the temple of God and that the Spirit of God dwells in you? If anyone defiles the temple of God, God will destroy him. For the temple of God is holy, which temple you are.** Ask the Lord to help you lay down that which is not edifying to Him or good for you. Many of these fleshly habits become compulsive and control our lives, causing a blockage to receiving our healing, but praise the Lord, His Word promises us in Phil. 4:13 that: **I can do all things through Christ who strengthens me.** Make a quality decision today, to give up that unclean habit which rules your life. (Read our book "The Power of Forgiveness)

If you have been in any occult practises, each should be renounced in the Name of Jesus. Ask the Lord to forgive you for having been involved in fortune telling, astrology, horoscope reading, spiritualism, mind reading, reincarnation, water divination (with a rod or stick), acupuncture, reflexology, Ouija board, superstitions, healing by witch doctors, hypnosis, and any other alternative healing method. This is in fact seeking the supernatural outside the Will of God. Break with all the above, and for a fuller list of evil practises, read our book "Know Your Enemy".

Yet another blockage could be Eastern practises or idols, e.g. a Buddha ornament or other figurines of Eastern gods. Many Eastern ornaments have pictures depicting the dragon, which represents Satan. You will need to do some house cleaning, as they did in the church of Acts. Ask the Lord, prayerfully to show you anything that is an abomination to Him which may be in your house. Yoga, kung-fu, jujitsu and karate have their origins in Eastern religious practises, and should be avoided at all cost, and renounced, should you have participated in any of them.

In ignorance we can become so entangled in these activities, which are evil inspired, without realising that we are playing with fire! Ask the Lord for insight and wisdom, and when you have broken with, and repented of all the sins of which you are aware, make Jesus number one in your life, and seek His Kingdom and His ways. Let Matt. 33 be the standard by which you live.

But seek ye first the Kingdom of God, and His righteousness; and all these things shall be added unto you. Matt. 6:33.

Satan is the cause of sickness and unhappiness in the life of man, albeit sometimes through our own disobedience to the Lord's word and commands. He is after all the enemy of mankind. The day you become born again, or receive healing from Jesus, Satan redoubles his attacks, as his aim is always to break you down and destroy you. We can however ward off these attacks and resist the enemy much more effectively when we are prepared and know his strategy and tactics. His aim is to break your faith in Jesus and His Word, and he does this through opposing the promises the Lord has given us in the Bible. Satan will attack through lying symptoms, bringing doubt and unbelief, and cause us to question whether or not God has really healed us, or really intends to heal us. BE WARNED AHEAD OF TIME, AND BE READY TO RESIST HIM AND HIS EVERY ATTEMPT TO UNDERMINE YOUR FAITH. You must be watchful, pray regularly and do not be careless about your Spiritual life. Do not give place to the devil or open a door to him.

"...But let him ask in faith, with no doubting, for he who doubts is like a wave of the sea driven and tossed by the wind. For let not that man suppose that he will receive anything from the Lord; he is a double-minded man, unstable in all his ways..."

James 1:6-8

Our Spiritual weapons in this Spiritual battle are:

1. The Name of Jesus Christ (Mark. 16:17)
2. The Blood of the Lamb (Rev. 12:11 and Phil. 2:10)
3. The Word of God (1 John. 2:14 and Eph. 6:17)
4. Praising God (Ps. 22:4 and Ps. 149:5)
5. Praying in the Spirit (Eph. 6:18 and Rom. 8:26)
6. The belt of Truth (Eph. 6:14)
7. The breastplate of Righteousness (Eph. 6:14)
8. Preparation of the Gospel of peace as shoes on your feet (Eph. 6:15)
9. The shield of Faith (Eph. 6:16)
10. The helmet of salvation (Eph. 6:17)

Exercise your faith by using these weapons to resist the enemy, and the devil must flee according to James

(Continued on page 7)



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Dit is met ‘n diepe dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader dat ek hierdie brief skryf. Dr James, baie dankie vir die voorbidding vir volkome genesing, want hiermee wil ek getuig van die wonderlike genesing wat ek ervaar het. ‘n Tyd gelede het ek voorbidding gevra vir die chroniese hoofpyne wat ek gekry het. Die dag nadat ek die faks gestuur het, was die hoofpyn op sy felste. Ek het egter bly getuig: “Deur U wonde is ek genees.” Die dag daarna was die hoofpyn weg en ek is al seker nou ‘n jaar verlos van daardie chroniese hoofpyn! Die duiwel wou my net vir oulaas nog laat twyfel! Sowat ‘n maand gelede het ek u weer genader vir voorbidding vir die knoppe in my bors, my dikderm en my Unisa eksamen waaroor ek baie bekommerd was. Ek het ons Heer vertrou vir volkome genesing. Die Woensdag toe die dr. die mammogram doen, kon hy geen knop opspoor nie en die sonar het ook niks gewys nie. Hy sê dis ongelooflik, want die mammogram lyk baie beter as die een wat 6 maande gelede geneem is! Die Here het my volkome genees. My dikderm gee geen probleem, meer nie, en ek het die vak waaroor ek so bekommerd was met ‘n onderskeiding geslaag! Die ons nie ‘n wonderlike Here nie! Nogmaals baie dankie vir jul voorbidding en voortdurende volharding met die wonderlike werk vir ons Hemelse Vader. Mag Hy julle ryklik seën en mildelik in al jul behoeftes voorsien. Baie liefde.

Mev S Jooste, Springs

Ek wil vir julle iets vertel. Ek was in my dertigjare toe kry ek ‘n dooie oorsenuwee en word toe doof in my linkeroor. Dr. James het vir my hande opgelê en gebid op Welkom. Ek kon onmiddellik hoor en hoor nog vandag op 76 jaar beter met my linkeroor. Dien ons nie ‘n wonderlike Hemelse Vader nie. Die groot geneesheer. EK is so dankbaar.

Mev M Badenhorst, Heidelberg

Ek wil vir u baie dankie sê vir die gebede. Ek het sowat 6 weke gelede aan u geskryf en gevra vir gebed vir my kleinseun se arm wat in die gewrig gebreek het. Loof en prys ons saam met u hy is volkome aangegroei en het geen pyn meer. Ek loof en prys die Here dat u vir ons so ‘n oop kanaal tot ons Heer is! Dankie vir my maand blad geloof in die Woord. Ek kan net sê ons dien ‘n wonderlike Heer. Mag Hy u ryklik seën en vir ons lank spaar. Baie voorspoed vir u en Meg asook die span daar, julle is kosbaar. Groete in Jesus

Marie Viljoen, Ventersburg

Ons het soveel rede tot dankbaarheid, ons oudste seun Kirsten wat op 20 April die vreeslike ongeluk gehad het nadat sy motortjie teen ‘n massiewe bul gebots het, en veelvuldige gesig en kop besering opgedoen het ... kon slegs 4 maande daarna weer begin werk en hy lyk pragtig. Ons loof en prys Jesus daarvoor! Dankie aan almal wat saam weer begin gebid het.

Mev M Kraft, Saldanha

Hy het ‘n paar maande tydelike werk gekry en nou het hy werk gekry permanent by ‘n baie groot firma en begin die 1 November. Die salaris is baie goed en met sy gesondheid gaan dit ook soveel beter. Baie dankie dat julle vir ons gebid het. Ons dien ‘n God van wonderwerke. God seën julle vir die groot werk wat julle doen. Alle eer en lof kom Hom toe!

M E Horn, Kraaifontein (25/10/09)

Baie dankie vir al die gebede wat so getrou op ons versoeke saam met ons opgestuur word. Ons wil weer getuig van die grootheid van God se almag en getrouheid. Ons gee die Here al die eer vir wonderwerke wat Hy gedoen het! Hy het ‘n onderwyseres met velkanker aangeraak. Ons het ook voorbidding gevra vir ‘n lang uitgerekte hofsaak tussen Paul se skool en die Dept. Van Onderwys oor sy aanstelling as hoof. Die Here het op bonatuurlike wyse verkeerde gesindhede verander en die saak word buite die hof geskik en sal die skool niks kos nie. Prys die Here! Hy sorg vir Sy kinders en stry vir hulle! Vriendelike groete

Paul en Carolien Theunissen, Kimberley

Gegroet in die wonderlike naam van onse Here Jesus Christus. Die Here se genade is elke dag genoeg vir my, die Here is 100% goed vir my. Ek wil vir u baie dankie sê vir die voorbidding vir werk vir my seun, hy was ‘n bietjie meer as ‘n jaar sonder werk, die Here het hom ‘n wonderlike werk voorsien waarin hy baie gelukkig is, en baie lekker werk, ek gee aan die Here al die eer en die aanbidding van my hart want daar is so baie mense wat al so lank sonder wek is, dit leer my ook om meer in te tree vir die werkloses.

Mev J Muller, Mosselbaai

Geagte dr James, Meg en die volle gebedspan,

Baie dankie vir die wyse waarop u my weereens te hulp gekom het. Ek het volle beheer oor my blaas, sonder pille. Ek loop in die huis en tuin rond, sonder my kierie, so ek het my balans herwin!

Liefdegroete,

Alice Pelser, Melville

(vervolg vanaf Bl. 2 - Dit is geskryf ...)
is die outeur van hierdie probleme en wanneer jy oor hulle praat is jy besig om lof op sy ou kop op te stapel. Vir die kind van die Here is daar net een manier om met die duiwel af te reken en dit is deur middel van die woord van die Here. Moenie negatief en verslane praat nie, maar sê hardop vir Satan: "Satan, so sê die Here!" Onthou jy vir Jesus se veertigdae-lange verblyf in die woestyn en hoe Satan hom keer op keer versoek het. Jesus het die duiwel elke maal weerstaan met die woorde: **"Dit staan geskrywe" (Matt. 4:11-11**) en ons kan beslis nie op hierdie metode verbeter nie! Wanneer jy swaar belas is, vertel dit aan die Here! Hy het immers gesê, **"Werp jou sorg op die Here" (Psalm 55:22)** Wanneer vertwyfeling kom, gaan na Hom toe wat die begin en voleinder van die geloof is (Heb. 12:2). Begin vandag nog om die Here op Sy woord te neem, dit te glo en te bely! Jy sal agterkom dat wanneer jy oor vertroue in God se woord praat en van al die seëninge vertel wat uit Sy hand kom, voel jou hart sommer ligter en jou lewe vreugdevolle. Dit is " praktiese, werklike waarheid wat ek persoonlik oor die afgelope 35 jaar ondervind het.

Een van die vrugbaarste dissiplines wat jy persoonlik kan aanleer en beoefen is om God te loof in die aangesig van sataniese teenstand en verhindering. Wanneer dit vir jou lyk of die duiwel nou regtig los is by jou huis en by jou werk en sommer oral, dan is dit net die regte plek en tyd om Jesus te prys en te verheerlik. Lees Psalm 150:6. Staan daar alles wat asem het moet sug, en kla en mor oor hulle mislukkings en laste en siektes? Nee, dankie vader nie, maar daar staan: **"Laat alles wat asem het die Here loof !"** En gebruik jou asem om Jesus te loof en te dank en jy sal voel hoe nuwe moed en vreugde in jou siel invloei.

Soms het ons as Christene 'n swaar las vir siele: ons wil hê andere moet ook Jesus aanneem as hulle Saligmaker en sodoende die ewige lewe beërwe, maar, soos ek voorheen reeds gesê het, sal slegs 'n positiewe Christen met 'n geseënde, vreugdevolle belydenis 'n belangstelling wek by 'n ongeredde. Want die wêreld is vol van mislukking en ongeluk en dis net die Christene wat die sleutel het tot oorwinning en vreugde. AS HY VAN HIERDIE SLEUTEL (die Here se Woord!) GEBRUIK MAAK.

Koning Dawid van ouds het hierdie besef nl. dat hy eers in homself 'n rein hart en 'n vaste gees, en die vreugde van die Here omdat hy verlos is moet ondervind, dan kan hy suksesvol oortreders en sondaars inbring vir Jesus. En dit geld vir ons ook: die wêreld daarbuite kan gou vasstel of jou toewyding aan die Here net 'n aangeplakte ding is en niks dieper as jou vel gaan nie. Jou vuil hart, verkeerde optrede en gebrek aan die vreugde van die Here trek dwarsdeur jou gereelde kerkbesoek, of ywerige bazaartafel-arbeid. Maar wanneer die vreugde van die Here opborrel uit jou hart dan loop dit uit by jou mond en besef buitestaanders dat jy iets het wat hulle ook graag wil hê nl. vrede omdat jy op die Here en Sy woord vertrou. **Matt. 12-34: "UIT DIE OORVLOED VAN DIE HART PRAAT DIE MOND."**

En geliefde, dit is nie vir jou nodig om 'n getuienis te hê wat op en af is nie. Weerstaan die duiwel wanneer hy kom met terneergedruktheid: GEBRUIK DIE INSTRUMENT WAT GOD TOT JOU BESKIKKING gestel het. Die Here sê: **"En wie geregtigheid verkry het deur die geloof in my, sal lewe; maar as hy terugdeins, het Ek aan hom niks meer nie. Maar ons is nie van dié wat terugdeins en verlore gaan nie, nee, ons glo en ons sal lewe." (Heb. 10:38-39).** Sê jy nou vir die duiwel: "Satan, die woord van God sê as ek jou weerstaan sal jy van my vlug. Nou weerstaan ek jou en beveel jou: vlug! Want ek deins nie terug nie: ek glo ek sal lewe!" (Jak. 4:7, Heb.10:39). Wees gehoorsaam aan die Here se woord, stem saam met Sy woord, sê wat Hy sê van jou siekte, vrese, probleme en behoeftes.

Hanteer Satan met die naam van Jesus Christus. Wanneer jy vir die duiwel die woord van Jesus aanhaal, dan maak jy hom moedeloos. En waar jy manmoediglik die behoeftes van die Here vir hom opnoem, verlam jy hom. Hoekom begin jy nie nou dadelik om Sy se beloftes te leer, te glo en te bely nie?

Luk. 21:33: Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie.

Kom ons herhaal wat ons in die voorafgaande skrywe reeds aangehaal en genoem het, en voeg 'n paar tekste by en jy sal vind jy het alreeds 'n hart vol en meer as 'n handvol ammunisie teen Satan se inwerkinge.

Die Here stel 'n wag voor my mond en bewaar die deur van my lippe daarom is die woorde van my mond welbehaaglik voor Sy aangesig (Psalm 141:3 en 19:15).

Die Here is die toevlug van my lewe (Psalm 27:1).

Die oë van die Here is op my en sy ore luister na my hulpgeroep. Hy red my uit my benoudhede (Psalm 34:16 en 18).

Die Here skep vir my 'n rein hart en gee opnuut in my binneste 'n vaste gees. Hy gee my vreugde en 'n gewillige gees sodat ek die oortreders en die sondaar U weë kan leer (Psalm 51:12-15).

Ek wandel in opregtheid daarom sal Hy die goeie op my uitstort (Psalm 84:12).

Ek lewe nie van brood alleen nie maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan (Matt. 4:4).

Ek ken die waarheid en die waarheid maak my vry (Joh. 8:32).

Jesus het gekom dat ek lewe in oorvloed mag hê daarom het ek op geestelike sowel as materiële gebied oorvloedig (Joh. 10:10).

Ek glo in die Here Jesus Christus daarom is ek gered, ek en my huis (Hand. 16:31).

Ek is op elke gebied meer as 'n oorwinnaar deur Jesus wat my liefhet (Rom. 8:37).

Ek glo dat God Jesus uit die dode opgewek het en ek bely dit met my mond daarom is ek gered (Rom. 10:9).

Ek gee aan die duiwel geen plek op enige gebied van my lewe nie (Ef. 4:27).

Ek het geen tekort nie want God vervul elkeen van my behoeftes na sy rykdom in heerlikheid deur Jesus Christus (Filip. 4:19).

Ek is genees deur Jesus se wonde (1 Pet. 2:24).

Ek is vry van enige inwerkinge van satan op my gemoed of my liggaam want Hy wat in my is, is groter as hy wat in die wêreld is (1 Joh. 4:4).

Ek verkry net wat ek sê daarom sê ek net opbouende en goeie dinge (Markus 11:23). ☐

(Continued from page 4 - Jesus—The Healer)

4:7: **Therefore submit to God. Resist the devil and he will flee from you.** (Our book "Know your Enemy" deals more fully with this subject). Tell others what Jesus has done for you and you will find that your own faith will be strengthened, and so will theirs. The Bible tells us that we overcome the enemy by the Blood of the Lamb and by the word of our testimony (Rev. 12:11), and when we declare the mighty works of our Lord, and testify of our healing, He will honour our faith in Him.

We have already discussed that our bodies are the temple of the Lord, and He expects us to care for our bodies sensibly, keeping them fit by eating a well balanced diet, exercising and having sufficient rest and recreation. We cannot blame the Lord if sickness reoccurs and we have been negligent concerning our health. We often take our healthy body for granted, but a healthy body is a great blessing and we should care for it.

Once you have received healing from Jesus, keep your eyes on the Lord's promises and not on your symptoms. Read James 1:6-7 again, where the Lord commands us NOT TO DOUBT. Sickness and pain are very real, but when we believe the Lord and His promises for divine healing, it is not a matter of what we feel or see, but what we believe. If you are in pain, and you have asked God to heal you, believe that the pain will go. Your confession of faith is in Him and His ability, He is true and reliable. If someone asks you how you are, say what you believe, say: "Praise the Lord, His Word says in I Pet. 2:24: **By His stripes I am healed!** and in 2 Cor. 5:7 it says that **we walk by faith and not by sight**, therefore, according to His Word, I believe that I am healed, and I am well".

Continue in faith, according to the Word of the Lord, until the pain or illness disappears completely, believing that He will heal you as He has promised. We read in **Hebrews 10:35-36: Therefore do not cast away your confidence, which has great reward. For you have need of endurance, so that after you have done the will of God, you may receive the promise. For yet a little while, and He who is coming will come and will not tarry. Now the just shall live by faith; but if anyone draws back, My soul has no pleasure in him. But we are not of those who draw back to perdition, but of those who believe to the saving of the soul.**

An illustration of this may help you to understand this Biblical Truth. If I said to you that I had an extra ticket for the semi final soccer match that is going to take place at the Moses Mabhida stadium in Durban with the 2010 Fifa soccer world cup and I would like to give it to you as a gift, what would your first reaction be? I am quite certain that as an ardent soccer fan you would immediately thank me most profusely and then you would start planning your trip to Durban to see the match! This would be your reaction to my word and my promise, because you believe me, yet I am a mere man and fallible! The Word of God tells us that **God is not a man that He should lie, will He say it and not make it good? (Num. 23:19).** God is infallible and His promises in His Word are ye and amen! His word is from everlasting to everlasting, yet do we react in the same way to His promise to heal, save, provide, and deliver etc, in the same way we do to the promise made by mortal man? You have not even seen the ticket to the semi final I promised you, you have reacted simply to my word, yet you receive it with joy and expectancy, planning ahead in faith and proclaiming this fact with joy. The Lord has every right to expect us to believe His word and respond to His promises in the same way, if not more so! You believed my word when I promised you the ticket, you then demonstrated this belief or trust by thanking me immediately, even before my promise has manifest. When we believe that we are going to receive, our im-

(Continued on page 8)

What is Real Faith? - M75

This book is a testimony of a believer's unwavering faith in the Lord Jesus Christ during extreme times of attack by the enemy. How he prevailed and OVERCAME! An exceptional example of Biblical Faith. It is available from the Stanger Christian Centre at R8.00 per copy.

Spesiale Woord van Dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word. Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

(Continued from page 7 - Jesus—The Healer...)

mediate reaction is always one of gratitude and thanks giving, yet why do we find it so difficult to act in faith in this way when it comes to the Lord's promises?

There is a vast difference between "positive confession" (which was taught together with "name it and claim it"), and proclaiming the promises of the Lord in a given situation. Positive confession has its roots in presumption and is dependant on man's strength, whilst proclaiming the promises of the Lord in His Word has its roots in faith and belief in the Gospel of our Lord Jesus Christ. Presumption is man motivated, whereas faith is trusting the Lord to undertake according to His Word, and is reliant on Him keeping His promises.

What about my medication, you may ask? People often ask me whether or not they must stop all medication as soon as they have asked Jesus for healing. I am a medical doctor, and I know that the Lord uses doctors and medicine to alleviate pain and suffering. I also know that Jesus did not frown upon doctors as Luke was a physician and one of His great disciples. Jesus did mention the woman in Mark 5:25-26, who had seen many physicians and had spent all her money, yet was no better, but He did not condemn her for this. We know that when medicine fails because of man's limited knowledge, Jesus is always able to heal completely and perfectly.

I suggest that when you have been prayed for, and believe that the Lord has touched you, decrease your medication slowly, and continue to see your doctor who has attended to you thus far, so that he can monitor the fact that your healing has taken place or is busy taking place. Ask the Lord for wisdom, because as I always say, you do not need any more headache tablets when you no longer have a headache. You will know when your healing is complete, and medicine is no longer necessary. Some advice to those who have suffered from epilepsy and diabetes, not to stop all medication abruptly, because your system has to adjust.

Should your healing not manifest immediately, realise that the Lord is working a divine healing in your body, and in time, as your faith in Him grows, through your knowledge of His Word, and you continue to believe, you will reap the reward as we read in Hebrews 10:35 and 36, until then the medicine serves to give you the support you need, and you can explain all this to the Job's comforters, who might say to you, "Oh I thought you were healed, so why are you still taking medication?"

Remember, that if you need to take medication, this does not mean that you are lacking in faith. Your healing will take place as you continue to trust the Lord because your faith is in Him and His infallible word! ☐

"...Die Here skep vir my 'n rein hart en gee opnuut in my binneste 'n vaste gees. Hy gee my vreugde en 'n gewillige gees sodat ek die oortreders en die sondaar U weë kan leer (Psalm 51:12-15)..."